

NUUS VANAF DIE SINODALE KANTOOR

Geagte leraar, jeugwerker of jeugmentor


Sal jy graag by jou plaaslike skool betrokke wil raak om die jeug te bemagtig?

ToekomsNou bied 'n spesiale kursus aan wat:

- Jou gaan leer hoe om jou plaaslike skool te nader en betrokke te raak.
- Jou die gereedskap gee om opwindende sessies met die jeug aan te bied.

Die kursus kos **slegs R100** en sluit verversings en jou eie Hey Lead pakket in.

VBO punte sal toegeken word.



ToekomsNou ★ Die Jeug is die toekoms en die toekoms is nou!



Bied aan: LEIERSKAP ONTWIKKELING PROGRAM



U word uitgenooi na 'n energieke en interaktiewe leerervaring. Tydens hierdie geleentheid sal jy toegerus word om in skole betrokke te raak en jongmense se vaardighede te ontwikkel.

WIE:	Jeugmentors, Leraars en Pastore wat reeds by skole betrokke is of betrokke wil raak met die begeleiding en toerusting van leeders.
WANNEER:	18 Februarie 2016
WAAR:	Edu Printers (aanwysings sal verskaf word)
TYD:	09:00 – 13:00
KOSTE:	R 100 per persoon (sluit materiaal en verversing in.
REGISTREER:	By Janco: 083 791 5843; janco@futurenow.org.za

**TYD RAAK MIN...
REGISTREER VANDAG!**





PREDIKANTE-BYEENKOMS

ACHTERBERGH

29 Februarie -1 Maart 2016



Hoe seil ons in die wind van die Perfekte Storm?

2016 is 'n Skrikkeljaar en ons is almal skrikkerig vir die impak van die droogte en swak ekonomiese toestande. Die kommissie vir Predikante-begeleiding reël jaarliks wegbreke om predikante toe te rus en te laat rus. Ons het hierdie jaar gekies om eerder met 'n groot byeenkoms te begin waarna ons jou spesifiek uitnooi. Ons gaan geestelike insette kry, maar ook mekaar in die oë kyk en hoor hoe dit gaan. In die baie gesprekke wat in die kerk gevoer word, is dit belangrik dat ons mekaar sal hoor.

<u>Spreker:</u>	Callie Roos
<u>Datum:</u>	Maandag, 29 Februarie 10:00 tot Dinsdag, 1 Maart 2016 om 13:00 Ons begin Maandagoggend laat genoeg sodat jy na die verkeer kan ry en ons maak Dinsdagmiddag vroeg genoeg klaar dat jy weer voor die verkeer tuis kan wees.
<u>Koste:</u>	Slegs R 200 per persoon wat 3 etes en slaapplek insluit.
<u>Sluitingsdatum:</u>	22 Februarie 2016

Ons spreker sê die volgende oor ons byeenkoms:

Selfbestuur: op pad na sinvolheid - 'n kreatiewe wetenskap! Leiers in bevel - 'n vreemde paradigma of is dit?

Bitter min mense kan hoegenaamd getuig van 'n sinvolle lewensbestaan. Nog erger is hulle onvermoë van hoe om daarby uit te kom. Vir my persoonlik is die padkaart na 'n bestaan wat getuig na sinvolheid **'n baie eenvoudige wetenskap!** In hierdie gesprek wil ek graag aandui dat so 'n getuienis nie net moontlik is nie maar dat dit ook een van die mees opwindende en kreatiewe prosesse in jou lewensreis kan wees. Die kuns om te lewe!

Die vraag is natuurlik wat maak dit vir die gelowige dan enigsins uniek anders! Verder wil ons delf in 'n diepere of ander verstaan van leierskap en hoe dit behoort uit te speel in die dinamika van 'n oop sisteem-ontwerp.

Het ek of iemand al die antwoorde? Nee, maar ek is bereid om saam met julle op reis te gaan in ons soeke na nuwe betekenis en verstaan.



Daar is 4 sessies:

1. Die kuns tot selfbestuur - 'n eenvoudige wetenskap
2. Die kuns tot goeie besigheid - nuwe perspektief op leierskap
3. Die kerk se dilemma - 'n geslote sisteem vasgevang in die logika en ontwerp van 'n oop sisteem
4. Gefasiliteerde oop gesprek - dialoog tot beter verstaan en betekenis

lets meer oor ons spreker: Callie Roos is die eienaar van 'n onderneming wat besighede en gemeenskappe fasiliteer vir sukses en vooruitgang. (www.onpurpose.co.za)

Registreer sô:

Voltooi die aangehegte inskrywingsvorm:

Maak die betaling van R200:

E-pos inskrywingsvorm en bewys van betaling aan pa@ngkhoeveld.co.za

NUUS VANAF GEMEENTES, CMR'E EN TUISTES

Paidion Kinderbediening Streekslypskool 2016

KATEGESE-/ KINDERKERK-/ SONDAGSKOOLTOERUSTING VIR 2016

Paidion Kinderbediening het sedert sy ontstaan 20 jaar gelede in 1996 meer as 300 **slypskole/ konferensies** vir meer as 7000 volwassenes jeens kinders en kinderbediening aangebied. Hierbenewens gebruik baie gemeentes landswyd en in Namibië Paidion

Kinderbediening se **kinderkerk-/ kategese-/**

Sondagskoolmateriaal en het honderde leerders reeds Paidion

Kinderbediening se **eenjarige korrespondensiekursus** tot groot seën en dankbaarheid jeens hulle eie en gemeentekinders gevolg.

Paidion Kinderbediening bied op 6 Februarie 2016 'n streekslypskool by die NG Kerk Sunwardpark aan om kategete/ kinderkerkleiers/ Sondagskoolpersoneel vir 2016 toe te rus.

Lees meer in die aangehegte inligtingsvorm...



WYNAND & CHEREË

KAIROSTEATER
 bied aan:

wanneer Woensdag 16 Maart 2016
 tyd 19:00 vir 19:30
 waar NG Kerk Kempton Hoogland
 koste R130 p/p

Kaartjies is beskikbaar by Petro Hughes 072 441 6451



**Wêreldbiddag vir Vroue:
 Vrydag 4 Maart 2016**



Don't dare to miss out if you are Grade 8 -12



#imagine
 EXPERIENCE
 1 - 3 April 2016
 Western Cape - Gauteng - Eastern Cap
 R400 Teenagers @ itickets.co.za
 R500 Group leader/Volunteer

Droom
Glo
Doen

www.imagemovement.co.za
info@imagemovement.co.za

PUBLIKASIES



Hierdie week is die fokus op die jongste Kerkbode, twee nuwe publikasies en die elektroniese weergawe van 2016-Jaarboek. Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 of 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.co.za

Lees in die Kerkbode van 5 Februarie ...



... verskeie verhale van die lig van die evangelie wat skyn en die duisternis verdryf. Dit wissel van twee lidmate wat betrokke gebly het by 'n gevangene en vir hom 'n nuwe lewe laat oopgaan het, tot by een man wat 'n nier aan 'n ander skenk.

... van ds Darius Botha se getuienis oor sy eie ervaring van en sy doktorsale studie oor die reis met kanker, tot by 'n bediening uit die Bosmanstraatkerk in Pretoria wat sy invloed tot diep in Afrika laat strek.

Die gay-debat word voortgesit en twee bydraes oor die vraag hoe ons die Bybel moet lees, briewe in reaksie op die vorige bydraes en berigte oor die konferensie in Pretoria oor selfdegeslagverbintenis.

In die gereelde bydrae oor kuns en die kerk val die kollyg in hierdie uitgawe op 'n skildery oor die kruisiging.

Kleurmeditasies vir Lydenstyd en Pase

'n Boek vir gehaltetyd, meditasietyd, oordinktyd, bidtyd, wagtyd, hoortyd, troostyd en liefdestyd saam met God.

Hierdie boek is die ideale hulpmiddel as jy hierdie seisoen in die kerkjaar 'n tyd van vernuwing wil maak. Dit help jou met die geloofsgewoonte om elke dag vriendskap-tyd met God deur te bring. Dit is gevul met kleur- en woordmomente van stop en bepeins.

Die woordmomente fokus op Lydenstyd en Pase. Die kleurmomente se sirkelpatrone nooi heling en groei in jou lewe in. Met hierdie kleurmeditasies oordink, bepeins en bid jy in volkleur.

Die geloofsgedagtes herinner jou aan God, die bron van alle goedheid, wat mens geword en onder ons kom tent opslaan het. Die inkleursirkels nooi jou om te rus, om bewus te raak van gedagtes en emosies wat na bo kom en om dit te oordink.

Prys: **R135,00** (BTW en posgeld ingesluit)




Loskerf

BESIKBAAR VANAF 8 FEBRUARIE 2016

Loskerf is 'n gespreksgids vir 6 weke met 'n tema vir elke week. Elke tema beeld 'n faset van die (her)skeppingsproses van God met ons uit:

- *Oopkerf* – oor gebed
- *Saamkerf* – oor omarming
- *Opkerf* – oor gesamentlike maaltye
- *Wegkerf* – oor besittings
- *Inkerf* – oor ons reis na binne
- *Uitkerf* – oor lyding, en spesifiek Jesus se lyding

Prys: **R110,00** (BTW en posgeld ingesluit).





Jaarboek 2016 (Elektroniese weergawe)

Hierdie is 'n elektroniese weergawe in PDF formaat. (10MB)

Jaarboek CD van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2016.

Die Jaarboek van die NG Kerk 2016 bestaan uit inligting oor sinodes, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante. Die Jaarboek dien al vir 166 jaar as 'n belangrike verskaffer van inligting vir die NG Kerkfamilie. Dis gemik op predikante, kerkkantore en lidmate.

Prys: **R199,00** (BTW en posgeld ingesluit).



VAKATURES

VOLTYDSE MAATSKAPLIKE WERKER - TUTELA GESINSORG SUIKERBOS

Werksg gebied: Nigel, Ring van Heidelberg

Aanstelling geskied op: **1 April 2016**

Vereistes vir die pos:

- Geregistreerde Maatskaplike Werker by SACSSP met bewys van betaling van ledegeld.
- Kennis van kerklike maatskaplike dienste is 'n aanbeveling
- Uitgebreide kennis van alle maatskaplikewerkmetodes.
- Goeie administratiewe vaardighede.
- Rekenaarvaardigheid.
- Uitstekende kommunikasievaardighede in Engels en Afrikaans.
- Moet onafhanklik kan werk en funksioneer maar ook waar nodig as deel van 'n span kan werk.
- Geldige Kode 8 bestuurslisensie.
- Die bestuur behou hul die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 12 Februarie 2016

Stuur CV en aansoek aan:

Tutela Gesinsorg Suikerbos

E-pos: cmrnigel@mweb.co.za

Navrae:

Die Assistent Direkteur Tutela Maatskaplike Dienste

Me. Lourette van Heerden

Tel: 011 975 8220

E-pos: lourette@tutela.org.za



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die
nuusbriëf plaas.**

**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by
jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs
na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**





NUUSBRIEF # 4

4 FEBRUARIE 2016



BESOEK ONS OOK OP *FACEBOOK*

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD



VRYWARING

*Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** behels, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.*

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

*Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgelê as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeurde of inligting aanvaar.*

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbriëf skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.